(8) Each shift boss at the completion of his shift shall record in ink in a shift-boss logbook provided by the manager for the purpose and kept in a place appointed by the manager the particulars of:—

- (a) any breach of the regulations which occurred during such shift;
- (b) any instructions for the purpose of securing the safety and health of persons that he has given during such shift;
- (c) such sockets as he has examined during the shift.

(9) Such records shall be examined and countersigned by the manager or mine overseer at least once in every day and shall be open to inspection at all reasonable hours by any official of the Department of Mines and by any person employed on the said mine.

(10) No person appointed as shift boss shall take immediate charge of a gang of workmen in addition to his other duties except temporarily in case of emergency.

(11) 'n Skofbaas of ander beampte wat minstens 'n gelyke rang beklee moet met skiettyd ondergronds by elke werkende skag teenwoordig wees, en mag nie na die oppervlakte gaan voordat hy hom cortuig het dat die reëlings gemaak ingevolge regulasie 31 (4) uitgevoer word en hy moet daaglik in die skofbaaslogboek opteken of enige persoon of persone as gevolg van skietwerk aan stof of dampe blootgestel was.

*Spanbaas: Aanstelling.*

34. Die bestuurder moet sorg dra dat persone wat by prospektering of by 'n myn of 'n bedryf werk, onder die toesig en bevel verkeer van 'n spanbaas wat aangestel moet word om toesig te hou oor die mense in sy span vir die volle duur van die werkskof. Elke spanbaas wat toesig hou oor 'n span wat ondergronds in 'n myn prospekter- of mynbedrywighede uitvoer, moet 'n toepaslike skiet-sertifikaat hê, wat deur die Direkteur uitgereik is.

*Spanbaas: Kwalifikasies.*

35. (1) Niemand mag as spanbaas aangestel word tensy hy —

- (a) minstens agtien jaar oud is;
- (b) minstens een van die amptelike tale kan lees en skryf.

(2) Behoudens die bepalings van regulasie 29, moet die spanbaas 'n blanke wees as die bestuurder 'n blanke is.

(3) 'n Spanbaas wat skietwerk verrig, moet die houer wees van 'n skietsertifikaat, deur die Direkteur uitgereik, vir die soort werk wat sodanige spanbaas moet doen.

(4) 'n Spanbaas wat in bevel is van meer as twintig werksmense wat prospekterwerk doen, in teenstelling met werksaamhede by 'n bedryf, moet die houer wees van 'n toepaslike skietsertifikaat wat deur die Direkteur uitgereik is.

*Spanbaas: Pligte.*

36. Die spanbaas moet alle redelike maatreëls tref om almal wat onder sy toesig werk teen ongelukke te vrywaar.

*Spanbaas moet veilig maak.*

37. (1) Elke skag, ontsluitingstonnel en nawinningsgebied, afbouplek, dagbouwerkplek of ander werkplek waarin daar vir meer as ses uur nie gewerk is nie, of wat moontlik gedurende die skof gevaarlik geword het, en elke werkplek waarin daar skietwerk gedoen is moet ondersoek en veilig gemaak word deur die toesighoudende spanbaas, wat die houer moet wees van 'n skietsertifikaat uitgereik ingevolge regulasie 252 (d), en werk mag nie in enige gedeelte van sodanige werkplek hervat word, voordat sodanige gedeelte ondersoek en veilig gemaak is nie.

Niemand mag enige gedeelte van sodanige werkplek binnegaan of daarin bly of verplig of toegelaat word om dit binne te gaan of daarin te bly voordat sodanige gedeelte geïnspekteer en veilig gemaak is nie: Met dien verstande dat hierdie verbod nie geld vir daardie persone wat nodig is om sodanige ondersoek en beveiliging te reël uit te voer of daarby behulpsaam te wees nie.

(2) Die inspeksie en veiligmaking, soos vereis by subregulasie (1) hiervan, moet uitgevoer word deur die spanbaas wat ingevolge regulasie 34 aangestel is; hy moet alle los of losgemaakte klippe, delfstof of grond verwyder of laat verwyder. In hierdie werk kan hy bygestaan word deur persone wat onder sy persoonlike toesig en beheer en, waar hy dit vir die veiligheid van sodanige persone nodig ag in sy werklike teenwoordigheid werksaam is. Hy moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref om persone, wat nie

(11) A shift boss or other official of at least equal rank shall be present underground at each working shift at blasting time and shall not travel to the surface until he has satisfied himself that the arrangements made in terms of regulation 31 (4) are being carried out and he shall report daily in the Shift Boss Log-book whether or not any person or persons were exposed to dust and fumes from blasting.

*Appointment of ganger.*

34. The manager shall provide that workmen engaged in any prospecting operations or in any work on or in a mine or works shall be under the charge and supervision of a ganger who shall be appointed to supervise the workmen under his charge for the full duration of the working shift. Any ganger in charge of a gang underground in a mine carrying out prospecting or mining operations shall be the holder of an appropriate blasting certificate issued by the Director.

*Qualifications of ganger.*

35. (1) No ganger shall be appointed unless:

- (a) he is at least eighteen years old;
- (b) he can read and write at least one of the official languages.

(2) Subject to the provisions of regulation 29, the ganger shall be a European if the manager is a European.

(3) A ganger conducting blasting operations shall be the holder of a blasting certificate issued by the Director for the class of work in which such ganger is engaged.

(4) The ganger in charge of any workmen engaged in prospecting operations, as distinct from operations on a works, shall be the holder of an appropriate blasting certificate issued by the Director, if the number of persons under his charge exceeds twenty.

*Duties of ganger.*

36. The ganger shall take all reasonable measures to safeguard all persons working under his charge against accident.

*Ganger to make safe.*

37. (1) Every sinking shaft, development and reclamation area, stope, opencast working or other working place which has remained idle for more than six hours, or which may have become dangerous during the shift and every working place in which blasting has taken place, shall be examined and made safe by the ganger in charge who shall be the holder of a blasting certificate issued in terms of regulation 252 (d), and work shall not be resumed in any part of such working places until such part has been examined and made safe.

No person shall enter or remain or be caused or permitted to enter or remain in any part of such working place until such part has been examined and made safe: Provided that this prohibition shall not apply to such persons as are necessary to direct, carry out or assist in such examination and making safe.

(2) The examination and making safe required under subregulation (1) shall be carried out by the ganger appointed in terms of regulation 34 and he shall remove or cause to be removed all loose or loosened rock, mineral or ground. He may be assisted in this work by persons working under his personal supervision and control and, when deemed by him necessary for the safety of persons working under his personal supervision and control in his actual presence. He shall take all reasonable precautions



nodig is om hom te help nie, te belet om die werkplek binne te gaan, voordat hy dit ondersoek en veilig gemaak het, en voordat hy die persone uitdruklik verlot gegee het om in te gaan.

(3) Die spanbaas wat die werk van inspeksie en veiligmaking van 'n werkplek uitvoer, moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref vir die veiligheid van persone wat na sy wete in so 'n werkplek teenwoordig is, sowel as vir die veiligheid van enige lid van sy span, en sodanige voorsorgmaatreëls moet gehandhaaf word solank as hy enige sodanige persoon toelaat om in die werkplek te bly, of totdat hy van sy verantwoordelikheid daarvoor onthef is deur 'n ander spanbaas. Die eerste plig van sodanige aflosspanbaas is om die werkplek te herinspekteer en, waar nodig, veilig te maak.

(4) Indien die werkplek gedurende die skof onveilig word, of onveilig gevind word, moet die spanbaas wat toesig hou, maatreëls tref om dit veilig te maak en om die persone wat in die werkplek is te beveilig, terwyl dit veilig gemaak word.

#### *Spanbaas moet waarsku.*

(5) Die toesighoudende spanbaas mag nie toelaat dat enigiemand op of onder grond werk wat enige persoon probeer het om af te breek of te verwyder nie, tensy daardie grond op voldoende wyse met timmerwerk of andersins gestut is, en ingeval dit nie so gestut is nie, moet hy alle persone wat in die nabyheid daarvan werk persoonlik waarsku of laat waarsku om nie onderkant daardie grond te werk of te wees nie, en hy moet die gevaarlike toestand daarvan rapporteer aan enige beampete wat die plek, waar die grond geleë is, binnegaan.

(6) As enige persoon, wat onder die toesig van 'n spanbaas werk, kla dat sy werkplek gevaarlik is, mag die spanbaas hom nie bewoog of toelaat om in die plek waarvoor hy gekla het te bly of te werk nie, totdat hy die plek veilig gemaak het of dit deur 'n ander spanbaas laat ondersoek het en so 'n persoon sy instemming betuig het dat so 'n plek veilig is.

(7) Die spanbaas wat toesig hou, moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref teen die besering van persone deur vallende of rollende klippe, los werktuie of ander materiaal.

#### *Gevaarlike grond — voorsorg.*

(8) Voordat onder gevaarlike grond draholtes gekap word, hokstutte, steunhokke of pakke gebou word, of voordat hy toelaat dat in gevaarlike grond, vir die doel om dit af te skiet, geboor word, moet die spanbaas wat toesig hou, deur middel van stutpale of andersins, enige persoon, wat die boorwerk of werk moet verrig, behoorlik teen gevaar beveilig.

#### *Reddingstou.*

(9) Geen lid van 'n span of enige ander persoon mag werk of verplig of toegelaat word om werk te verrig —

(a) naby die rand van, of binne enige uitgraving, waar die helling van die uitgraving sodanig is dat, as hy onverwags sou glij of val, hy na benede kan gly of val, tensy hy aan 'n reddingstou vas is of andersins behoorlik beveilig is: Met dien verstande dat daar in die sink, betimmering en reparasie van 'n skag geen reddingstou gebruik hoef te word nie, as die persoon wat hierdie werk doen onder die regstreekse toesig van die toesighoudende spanbaas werk;

(b) in enige bak, glybaan, ertsbaan of ander plek waar daar gevaar mag bestaan dat so iemand deels of geheel bedek kan word deur verskuiwing van rots of ander materiaal na of in so 'n bak, glybaan, erts-

to prevent persons not required to assist him from entering the working place until he has examined and made safe and until he has given them definite permission to enter.

(3) The ganger carrying out the examination and making safe of a working place shall take all reasonable precautions for the safety of persons present to his knowledge in such working place and for the safety of any member of his gang, and such precautions shall continue as long as he allows any such person to remain in the working place or until he is relieved of responsibility thereof by another ganger. It shall be the first duty of such relieving ganger to re-examine and, where necessary, make safe the working place.

(4) If the working place becomes or is found to be unsafe during the shift, the ganger in charge shall take measures for making it safe and for safeguarding the persons in the working place while it is being made safe.

#### *Ganger to give warning.*

(5) No ganger in charge shall allow any person to work on or beneath ground which any person has attempted to take down or remove unless such ground is adequately supported by timbering or otherwise, and if not so supported, he shall personally warn or cause to be warned all persons working in the vicinity thereof against working or being beneath such ground and shall report the dangerous condition to any mine official entering the place in which such ground is situate.

(6) If any person working under the supervision of a ganger complains that his working place is dangerous the ganger shall not cause or permit him to remain or work in the place complained of until he has made the place safe or has had it examined by another ganger, and has obtained his concurrence as to the safety of the place.

(7) The ganger or miner in charge shall take all reasonable precautions against the injury of persons from the falling or rolling of stones, loose implements or other material.

#### *Dangerous ground precautions.*

(8) Before cutting hitches, building pigstyes, cogs or packs under dangerous ground, or allowing dangerous ground to be drilled into with the object of blasting it down, the ganger in charge shall by props or otherwise adequately safeguard any person carrying out the drilling or work.

#### *Life line.*

(9) No member of a gang or any other person shall work or be caused or permitted to work —

(a) near the edge of or within any excavation where the inclination of the excavation is such that inadvertent slipping or falling may result in his falling or sliding down the excavation unless he is secured by a life line or otherwise adequately safeguarded: Provided that in sinking, timbering and repair operations in a shaft the use of a life line may be dispensed with if such person when engaged in such operations is working under the direct supervision of the ganger in charge;

(b) in any bin, chute, ore-pass or other place where there may be danger of such person being covered or partly covered by the movement of rock or other material into or within such bin, chute, pass or

baan of ander plek, tensy hy aan 'n reddingstou vas is;

- (c) naby 'n gevaarlike opdamming van water, tensy hy aan 'n reddingstou van geskikte lengte vas is of andersins beveilig is, en geen persoon mag verplig of toegelaat word om water binne te gaan vir ondersoekdoeleindes of ander werk nie, tensy geskikte voorsorgmaatreëls geneem word om die veiligheid van so 'n persoon te verseker.

Gemelde voorsorgmaatreëls moet in alle gevalle stapte insluit om die aard en hoeveelheid van die opdamming vas te stel, voordat enige ingang toegelaat word.

Uitgesonderd in gevalle van geringe opdamming van water, mag niemand ingaan of verplig of toegelaat word om in te gaan nie, tensy hy vasgemaak is aan 'n reddingstou.

*Gasvergiftiging moet onmiddellik aangemeld word.*

(10) Die spanbaas moet enige geval van gasvergiftiging, hoe gering ook al, sonder versuim rapporteer aan die bestuurder, mynopsigter of skofbaas wat, in die geval van 'n nie-blanke persoon, onmiddellik 'n beampte van 'n kampong of Bantoe-hospitaal in kennis daarvan moet stel.

*Aanmelding van persone wat onwettig by werkplek of verby wagplek is.*

(11) Die spanbaas moet enige persoon wat, voor sy aankoms, onwettig in die werkplek aanwesig is, of wat onwettig aangetref word anderkant die wagplek wat ingevolge regulasie 31 (7) (a) verskaf is, aan die skofbaas van sy afdeling van die myn rapporteer.

*Ingenieur verantwoordelik waar meer as 500 Pk opgewek word.*

38. (1) (a) By elke myn of bedryf waar die ontwerpvermoë van masjinerie wat gebruik word by die primêre ontwikkeling van krag, en die krag wat uit buitebronne verskaf word, gesamentlik die ekwivalent van vyfhonderd perdekrag te bowe gaan, moet alle masjinerie by so 'n myn of bedryf onder die algemene toesig staan van 'n persoon wat 'n bevoegde ingenieur moet wees en wat skriftelik deur die bestuurder aangestel is.

(b) Een of meer persone, wat bevoegde ingenieurs moet wees, kan deur die bestuurder aangestel word as ondergrondse-, afdelings- of assistent-ingenieur, om die algemeen toesighoudende bevoegde ingenieur, wat in subregulasie 1 (a) hiervan genoem word, behulpsaam te wees.

Elke sodanige aangestelde het in 'n mate wat in sy aanstellingsbrief duidelik omskryf moet wees, dieselfde verantwoordelikheid ingevolge die regulasies as die ingenieur wat algemene toesig hou.

(2) Geen ingenieur mag by 'n myn of bedryf ingevolge regulasie 38 (1) (a) aangestel word nie tensy —

- (a) hy 'n meganiese of 'n elektrotegniese ingenieursbevoegdheidssertifikaat besit, wat erken word ten opsigte van die Wet op Myne en Bedrywe van die Republiek van Suid-Afrika; of
- (b) hy 'n graad besit in die meganiese of elektrotegniese ingenieurswese van 'n Suid-Afrikaanse universiteit, of 'n graad in die ingenieurswese wat die Departement van Onderwys van die Republiek van Suid-Afrika erken as gelyk aan die eersgenoemde graad, en minstens twee jaar nagraadse praktiese ondervinding gehad het in die instandhouding en veilige bestuur van die soort masjinerie waaroor hy toesig moet hou of wat hy moet ondersoek; of

other working place unless he is secured by a life line;

- (c) near a dangerous accumulation of water unless he is secured by a life line of suitable length or otherwise protected and no person shall be caused or permitted to enter into water for the purposes of examination or other work unless adequate precautions are taken to ensure the safety of such person. The said precautions shall in every case include the taking of steps to ascertain the nature and extent of the accumulation before entry is permitted. Except in the case of insignificant accumulations of water, no person shall so enter or be caused or permitted so to enter, unless he is secured by a life line.

*Gassing to be reported immediately.*

(10) The ganger shall report without delay any case of gassing, however slight, to the manager, mine overseer or shift boss, who shall in the case of a non-European person, immediately give notice of the occurrence to a compound or native hospital official.

*Report as to persons before arrival at working place.*

(11) The ganger in charge shall report to the shift boss of his section of the mine any person unlawfully present in the working place before his arrival, or found to be unlawfully beyond the waiting place provided in regulation 31 (7) (a).

*Responsibility for machinery. Engineer where over 500 H.P. is generated.*

38. (1) (a) At every mine or works where the designed rating of machinery used in the primary generation of power and the power supplied from outside sources together exceed the equivalent of five hundred horsepower, all machinery at such mine or works shall be under the general charge of a person who shall be a competent engineer and who shall be appointed in writing by the manager.

(b) One or more persons who shall be competent engineers may be appointed to posts such as underground, sectional or assistant engineer, to assist the competent engineer in general charge referred to under subregulation 1 (a) hereof.

Every such person so appointed shall, to an extent to be clearly defined in his letter of appointment, have the same responsibility under these regulations as the engineer in general charge.

(2) No engineer shall be appointed, in terms of regulation 38 (1) (a), at a mine or works, unless:—

- (a) He is a person who holds a mechanical or electrical engineer's certificate of competency recognised by the Mines and Works Act of the Republic of South Africa; or
- (b) has obtained a degree in mechanical or electrical engineering from a South African university or a degree in engineering recognised by the Department of Education of the Republic of South Africa as equivalent to the first mentioned degree, and has had not less than two years post-graduate practical experience in the maintenance and safe operation of the class of machinery of which he is required to take charge or which he is required to examine; or

(c) 'n vakleerlingskap in die ingenieursbedryf uitgedien het wat die bestuur en instandhouding van masjinerie insluit; of wat minstens vier jaar praktiese ondervinding gehad het in die bestuur en instandhouding van masjinerie en wat na sodanige vakleerlingskap of tydperk van praktiese ondervinding, na gelang, onderskeidelik minstens twee en drie jaar ondervinding gehad het in die instandhouding en veilige bestuur van die soort masjinerie waarvoor hy toesig moet hou, of wat hy moet ondersoek.

Sodanige aanstelling is onderhewig aan die voorafverkreë goedkeuring van die Direkteur.

(3) Behoudens die bepalings van regulasie 29, moet die bevoegde ingenieur 'n blanke wees as die bestuurder 'n blanke is.

(4) By elke myn of bedryf met masjinerie wat minder as 500 perdekrag ontwikkel, moet 'n bevoegde persoon, wat skriftelik aangestel is, oor alle stoomketels, enjins en ander masjinerie, algemene toesig hou.

(5) Behoudens die bepalings van regulasie 29, moet sodanige bevoegde persoon 'n blanke wees as die bestuurder 'n blanke is.

(6) Geen myn of bedryf, wat ingevolge hierdie regulasies 'n bevoegde ingenieur moet hê, mag vir 'n langer tydperk as dertig dae sonder so 'n ingenieur bedryf word nie. Hierdie tydperk kan na goedgeskonde van die Direkteur skriftelik verleng word.

(7) Vir so 'n tydperk moet die bestuurder 'n bevoegde persoon skriftelik aanstel om toesig te hou oor alle stoomketels, enjins en ander masjinerie en om al die pligte en verantwoordelikhede van 'n bevoegde ingenieur, ingevolge hierdie regulasies, te onderneem: Met dien verstande dat die aanstelling van so 'n bevoegde persoon nie die bevoegde ingenieur wat voor hom toesig gehou het vrystel van enige persoonlike verantwoordelikheid ingevolge hierdie regulasies nie.

#### *Kennisgewing van aanstelling.*

(8) Binne sewe dae na 'n aanstelling kragtens subregulasies (1), (4) of (7) hiervan, moet die bestuurder die Direkteur skriftelik daarvan verwittig en terselfdertyd 'n afskrif van die aanstellingsbrief, mede-onderteken deur die aangestelde persoon, aanstuur.

#### *Goedkeuring om toesig te hou oor meer as een myn of bedryf.*

(9) Geen bevoegde ingenieur of ander persoon mag algemene toesig oor stoomketels, enjins of ander masjinerie op meer as een myn of bedryf hou nie, uitgesonderd met die skriftelike goedkeuring van die Direkteur.

#### *Groot myne of bedrywe: Meer as een ingenieur.*

(10) Die Direkteur kan die aanstelling van meer as een bevoegde ingenieur gelas, as die grootte van die myn of bedryf en die hoeveelheid masjinerie so 'n aanstelling, sins insiens, noodsaak. Elk so 'n ingenieur moet aangestel word ten opsigte van 'n bepaalde gedeelte van die masjinerie wat onder sy toesig sal wees, maar in geen geval mag twee of meer ingenieurs algemene toesig oor masjinerie gesamentlik uitoefen nie.

#### *Ondergrondse masjinerie: Bestuur, oprigting, weeklikse ondersoek.*

(11) 'n Mynopsigter kan, in 'n mate wat deur die bestuurder duidelik en skriftelik bepaal is, beheer uitoefen oor die bestuur van ondergrondse masjinerie, maar die oprigting en her-oprigting van sodanige masjinerie moet onder die beheer van die bevoegde ingenieur staan, wat hoofsaaklik verantwoordelik sal wees vir die behoorlike

(c) has served an apprenticeship in an engineering trade which included the operation and maintenance of machinery; or who has had at least four years practical experience in the operation and maintenance of machinery and who subsequent to such apprenticeship or period of practical experience, as the case may be, has had not less than two years and three years experience respectively in the maintenance and safe operation of the class of machinery of which he is required to examine.

Such appointment shall be subject to the prior approval of the Director.

(3) Subject to the provisions of regulation 29, the competent engineer shall be a European if the manager is a European.

#### *Less than 500 H.P.*

(4) At every mine or works having plant developing less than 500 horse-power, all boilers, engines and other machinery shall be placed under the general charge of a competent person who shall be appointed in writing.

(5) Subject to the provisions of regulation 29, such competent person shall be a European if the manager is a European.

(6) No mine or works requiring a competent engineer under these regulations shall be worked without such engineer for a longer period than thirty days. Such period may in writing be extended at the discretion of the Director.

(7) The manager shall appoint in writing a competent person to take charge during such period of all boilers, engines and other machinery and undertake all the duties and responsibilities of a competent engineer under these regulations: Provided that the appointment of such competent person shall not relieve the competent engineer in charge before him of any personal responsibility under these regulations.

#### *Notice of appointment.*

(8) The manager shall within seven days of any appointment made under subregulation (1), (4) or (7) hereof report such appointment to the Director in writing and shall send at the same time a copy of the letter of appointment countersigned by the person appointed.

#### *Permission to be in charge of two or more mines.*

(9) No competent engineer or other competent person shall be in general charge of boilers, engines or other machinery on more than one mine or works except with the written permission of the Director.

#### *Large Mines, Works: More than one engineer at Director's discretion.*

(10) The Director may require the appointment of more than one competent engineer if in his opinion the size of the mine or works and amount of machinery renders such appointment necessary. Each such engineer shall be appointed for a particular portion of such machinery, which shall be under his general charge, and joint general charge of any machinery shall in no case be exercised by two or more engineers.

#### *Underground machinery: Running, erection weekly examination.*

(11) A mine overseer may, to an extent clearly defined in writing by the manager, exercise control over the running of underground machinery, but the erection and re-erection of such machinery shall be under the control of the competent engineer who shall be more particularly responsible for the proper arrangement of

reëling van vervoer- en hysmasjinerie en toue in verband daarmee en die verbindings tussen sodanige toue en vervoermiddels en wat die bevoegdheid van die persoon, wat aangestel word vir die gereelde ondersoek van sodanige masjinerie toue en verbindings moet goedkeur.

Die ondersoek moet minstens een keer elke week geskied, en die ondersoeker moet sy bevindings oor die ondersoek onverwyld opskryf in die boek wat vir daardie doel aangehou moet word.

*Mynopmeter: Aanstelling waar persone meer as 200 tel. Kwalifikasies.*

39. (1) By elke myn waar meer as tweehonderd persone ondergronds in diens is, moet die bestuurder 'n opmeter skriftelik aanstel, wat 'n sertifikaat hou en/of in so 'n mate ervaring van opmetingswerk het, wat, na die mening van die Direkteur, hom vir mynopmetingswerk bevoeg maak, en wat daadwerklik besig moet wees met die voorbereiding van mynplanne en ook verantwoordelik moet wees vir die behoorlike nakoming van regulasie 55, so ver dit van toepassing is, en van regulasies 119, 121, 122, 123, 124, 127, 130 en 131, dermate die Direkteur die nakoming van daardie regulasies beveel het.

(2) Behoudens die bepalinge van regulasies 29, moet die opmeter 'n blanke wees as die bestuurder 'n blanke is.

(3) Die bestuurder moet die Direkteur, binne sewe dae na die aanstelling van so 'n opmeter, skriftelik daarvan verwittig, en tegelykertyd 'n afskrif van die aanstellingsbrief, mede-onderteken deur die aangestelde opmeter, aan hom besorg.

(4) Die opmeter wat ingevolge subregulasie (1) hiervan aangestel is, moet al die planne wat hy moontlik ingevolge regulasie 119 moet voorberei en alle afdrukke waaroor regulasie 125 gaan, wanneer hulle vir die eerste keer gemaak word en telkens wanneer hulle op datum gebring word, onderteken, en hy moet sorg dra dat hulle noukeurig is, dit wil sê, dat hulle die foutgrense wat regulasie 130 bepaal, nie oorskry nie.

*Minder as 200 persone — mynbestuurder.*

(5) By 'n myn waar minder as tweehonderd mense ondergronds in diens is, kan die bestuurder mynplanne, wat ingevolge regulasie 119 nodig is, onderteken, en in so 'n geval aanvaar hy die opmeter se verantwoordelikheid wat subregulasie (1) hiervan bepaal.

*Vrywaring teen andere se onnoukeurigheid.*

(6) Niks in hierdie regulasie vervat moet so uitgelê word dat die mynbestuurder of die opmeter wat hy aangestel het, verantwoordelik is vir die akkuraatheid van werk wat gedoen is voordat hulle hul pligte ingevolge hierdie regulasie aanvaar het nie.

*Hysmasjinië wat mense vervoer moet 'n permit hê.*

40. (1) (a) Niemand mag 'n hysmasjien vir die vervoer van mense by 'n myn dryf nie of toegelaat word om 'n hysmasjien te dryf nie, tensy hy die houër is van 'n geskrewe permit, aan hom uitgereik deur die Direkteur, wat hom magtig om so 'n hysmasjien te drywe.

(b) Die masjinië moet 'n ware en leesbare afskrif van so 'n permit, mede-onderteken deur die bestuurder, in die masjienkamer opgeplak hou.

all haulage and winding machinery and ropes in connection therewith and the connections between such ropes and any conveyances, and who shall approve the competency of the person appointed for the periodical examination of such machinery, ropes and connections. Such examination shall be made at least once in each week and the results of such examination shall be forthwith recorded by the person making the examination in a book to be kept for the purpose.

*Appointment of surveyor if persons exceed 200 in number: Qualifications.*

39. (1) On every mine where more than two hundred persons are employed underground, the manager shall appoint a surveyor in writing who shall be the holder of a certificate and/or be possessed of survey experience as in the opinion of the Director qualifies him to undertake the duties of a mine surveyor and who shall be actively engaged in the preparation of the mine plans and who shall be responsible for the due observance of regulation 55, as far as it is applicable, and of regulations 119, 121, 122, 123, 124, 127, 130 and 131 in so far as the Director may have required such regulations to be observed.

(2) Subject to the provisions of regulation 29, the surveyor shall be a European if the manager is a European.

*Notification of appointment.*

(3) The manager shall notify the Director in writing of the appointment of such surveyor within seven days of date of such appointment and shall at the same time furnish the Director with a copy of the letter of appointment countersigned by the person appointed.

*Duties of surveyor.*

(4) All the plans as may be required in terms of regulation 119 and copies referred to in regulation 125 when they are first made and also on each occasion when they are brought up to date shall be signed by the surveyor appointed in terms of subregulation (1) hereof who shall be responsible for their accuracy within the limits of error prescribed in regulation 130.

*Fewer than 200 persons mine manager.*

(5) In the case of a mine on which fewer than two hundred persons are employed underground the mine plans as may be required in terms of regulation 119 may be signed by the manager who in such case shall assume the responsibility of the surveyor as specified in subregulation (1) hereof.

*Indemnity for other's inaccuracy.*

(6) Nothing in this regulation shall be taken to mean that the manager of the mine or the surveyor appointed by him shall be responsible for the accuracy of the work done before they assumed their duties in terms of this regulation.

*Driver of hoist used for conveyance of persons to hold permit.*

40. (1) (a) No person shall operate or be permitted to operate a winding engine used for the conveyance of persons on any mine unless he is the holder of a permit in writing issued to him by the Director authorising him to operate such winding engine.

(b) A true and legible copy of such permit, countersigned by the manager, shall be posted up by the engine driver in the engine room.

*Kwalifikasies vir permit.*

(2) Die Direkteur mag geen permit aan iemand uitreik wat hom magtig om 'n hysmasjien vir vervoer van mense te dryf nie, tensy so iemand —

- (a) behoudens die bepalings van regulasie 29 'n blanke is, as die bestuurder 'n blanke is;
- (b) minstens een-en-twintig jaar oud is;
- (c) uit gewoonte matig is, en hom algemeen goed gedra;
- (d) aan geen gebrek van gesig en gehoor, en geen ander gebrek, hetsy geestelik of liggaamlik, wat die bekwame uitvoering van sy pligte kan belemmer, ly nie;
- (e) toereikende kennis dra van hysmasjienbestuur, hyswerk en hysseine en van ander masjinerie ondergeskikte toerusting wat in verband staan met hyswerk, en van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale 1968 en die daaruitvloeiende regulasies;
- (f) minstens tien maande lank reeds toesig gehou het oor omkeerbare hystoestelle wat uitgerus is met koppelaars en dieptemeters en wat met 'n normale hysnelheid van minstens 500 voet per minuut loop. Die tien maande ondervinding met hystoestelle moet minstens ses maande se toesig oor hystoestelle van die soort wat so iemand moet bedien, insluit.

(3) Iemand wat 'n opleidingskursus vir hysmasjiniere onder die beskerming van 'n opleidingskool wat die Direkteur goedkeur, voltooi het, kan aanvaar word as iemand wat opleiding en ervaring geniet het gelyk aan dié vereis by paragraaf (2) (f) hiervan.

(4) Die houder van 'n permit wat uitgereik is in ingevolge regulasie 42 of 43 of van 'n sertifikaat deur die Direkteur goedgekeur, as masjiniere van 'n vaste masjien of lokomotief, kan vrystelling verkry van vier uit die tien maande as toesighouer oor omkeerbare hystoestelle, asook van die twee maande ondervinding met stoomketels wat vereis word by paragraaf (2) (f) hiervan.

(5) Iemand wat 'n sertifikaat van 'n mynbestuurder kan toon waarvolgens hy 'n kontrak van agt maande voltydse diens voltooi het as leerling-masjiniere onder die toesig van 'n toegelate hysmasjiniere, kan aangeneem word asof hy wel die opleiding en ondervinding gehad het wat vereis word by paragraaf (2) (f) hiervan, mits hy bevoegdheid verwerf het in die bestuur van beide stoom- en elektriese hystoestelle, en dit wel ten genoë van die ingenieur wat ingevolge regulasie 38, aangestel is, en van die toegelate hysmasjiniere onder wie se toesig hy sy opleiding ontvang het.

(6) Iemand wat op die inwerkingtredingsdatum van hierdie regulasies reeds gedurende die voorafgaande negentig dae 'n hysmasjien vir mensevervoer voltydse gedryf het, kan aangeneem word asof hy wel die opleiding en ondervinding vereis by paragraaf (2) (f) hiervan ontvang het.

*Pligte en verantwoordelikhede van hysmasjiniere: Wanneer masjien aan die gang gesit kan word.*

41. (1) Geen masjiniere mag sy masjien aan die gang sit nie voordat hy 'n duidelike en behoorlike sein ontvang het om dit te doen, tensy die mynbestuurder of die ingenieur wat ingevolge regulasie 38 aangestel is, of die mynopsigter, hom daartoe gelas het, of tensy hy die klaarsein ontvang het, of tensy hy alleenbeheer oor die hysbak, of ander vervoermiddel het; in so 'n geval kan hy die hysbak, hysbok of ander vervoermiddel in beweging bring.

(2) Geen masjiniere mag op 'n sein reageer, waar dit vir hom onmoontlik was om binne een minuut na ont-

*Qualifications necessary before permit issued.*

(2) The Director shall not issue a permit to a person authorising him to operate a winding engine used for the conveyance of persons unless such person:

- (a) subject to the provisions of regulation 29, is a European if the manager is a European;
- (b) is at least twenty-one years old;
- (c) is of sober habits and of general good conduct;
- (d) is not defective as to sight and hearing and is not subject to any other infirmity, mental or physical, likely to interfere with the efficient discharge of his duties;
- (e) possesses a sufficient knowledge of the working of winding plants, winding operations and winding signals and of other machinery and ancillary equipment used in connection with winding and of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968, and of the regulations framed thereunder;
- (f) has had charge for at least ten months of reversible hoist fitted with clutches and depth indicators and operating on a normal winding speed of not less than 500 feet per minute. The ten months of experience on hoists shall include at least six months in charge of the type of hoist which such person shall be required to operate.

(3) A person who has completed a course of training for winding engine drivers under the auspices of a training school approved by the Director may be accepted as having had training and experience equivalent to that stipulated under paragraph (2) (f) hereof.

(4) A person who holds a permit issued in terms of regulation 42 or 43 or who holds a certificate approved by the Director as an engine driver, or a stationary engine driver, or a locomotive engine driver, may be exempted from four of the ten months in charge of reversible hoists as well as the two months of experience on boilers called for under paragraph (2) (f) hereof.

(5) A person who produces a certificate from a mine manager to the effect that he has completed a contract of eight months of full time service as a learner driver under the supervision of a permitted winding engine driver, may be accepted as having had training and experience equivalent to that called for under paragraph (2) (f) hereof, provided he has acquired competency in the handling of both steam and electrical hoists to the satisfaction of the engineer appointed in terms of regulation 38 and of the permitted winding engine driver under whose supervision he received his training.

(6) A person who on the date of coming into force of these regulations had operated a winding plant used for the conveyance of persons, on full time employment in that capacity during the preceding 90 days may be accepted as having had training and experience equivalent to that called for under paragraph (2) (f) hereof.

*Duties and responsibilities of winding engine driver: When driver may start engine.*

41. (1) No engine driver shall start his engine before he has received a distinct and proper signal so to do, unless instructed to do so by the mine manager, engineer appointed under regulation 38, or mine overseer, or unless he has received the "clear" signal, or unless he has sole control of the skip, cage or other means of conveyance, in which case he may move such skip, cage or other means of conveyance.

(2) No engine driver shall act on any signal if he has been unable to do so within one minute after receiving

vangs daarvan op te tree nie, maar moet dan wag op 'n nuwe sein: Met dien verstande egter dat waar hy die klaarsein 2 pouse 2 ontvang, die masjinië na eie goed-dunke sy masjien te eniger tyd gedurende die skof in beweging kan bring, maar indien daar 'n tydperk van meer as vyf minute verloop het na ontvangs van 'n klaarsein, moet hy eers die klokke lui en dan die vervoermiddel baie stadig laat wegtrek.

(3) Die masjinië —

- (a) mag so 'n masjien nie teen 'n hoër snelheid laat loop as wat die Direkteur bepaal het nie;
- (b) moet, buiten in noodtoestande, by die aansit, loop en stilhou van die masjien, skokke vermy;
- (c) moet elke moontlike toestel of middel tot sy beskikking aanwend om te voorkom dat die vervoermiddel die geseinde bestemming verby gaan.

*Ontkoppeling van die hystrom.*

(4) Die masjinië mag nie 'n trom van sy masjien ontkoppel nie, voordat hy hom onmiddellik van te vore oortuig het, deur die tromrem teen die volle krag van die masjien te toets, dat die rem behoorlik in staat is om die wag wat van die betrokke trom afhang, teen te hou.

(5) Wanneer die trom ontkoppel is, mag die rem alleenlik gebruik word om die trom te laat stilstaan. Elkeen wat laat neerlaat onderwyl die trom ontkoppel is, is skuldig aan oortreding.

(6) Waar 'n hysmasjien 'n wrywingskoppelaar het, moet die masjinië, wanneer hy inkoppel, die remkrag van die koppelaar toets, voordat hy die rem van die ooreenstemmende trom vrylaat; die rem van die ander trom moet dan los wees. By 'n stoom- of lughyser moet die toets teen die volle krag van die masjien uitgevoer word, en by 'n elektriese hyser teen die gebruiklike aansitstroom.

*By kruiskopgids moet stilgehou word.*

(7) In 'n vertikale skag wat nog gesink word, moet, uitgesonderd wanneer skietwerk plaasvind, die hyssemmer of hysvat, wanneer dit van die bodem af opgehef word, deur die masjinië gestop word wanneer met die kruiskopgids ingeskakel is, en moet dit nie verder gehys word voordat minstens tien sekondes verstryk het nie.

*Stilhou voor bodem bereik word by sinking.*

(8) Waar 'n hysmasjien gebruik word in 'n skag wat nog gesink word, moet die hysbok, hysbak, hyssemmer of ander vervoermiddel nie direk tot op die bodem neergelaat word as mense daar is nie, maar moet tot stilstand gebring word minstens vyftien voet vanaf vermeldde bodem, totdat die sein om dit verder neer te laat deur een van die skagsinkers daaronder gegee is; altyd met dien verstande dat hierdie subregulasie nie van toepassing is nie in skagte waarin die skagsinkers nie meer as vyftig voet van die bo-ent van die skag af is nie.

(9) 'n Masjinië mag nie handel in antwoord op enige ander sein op die oproepklokstelsel nie as die een lang lui wat 'n ongeluk in die skag aandui.

*Pouse van tien sekondes.*

(10) 'n Masjinië mag nie, nadat hy 'n sein om persone te hys of te laat sak, ontvang het, sy masjien aan die gang sit voordat minstens tien sekondes, nadat hy sodanige sein ontvang het, verstryk het nie: Altyd met dien verstande dat die vereistes van hierdie regulasie nie van toepassing is wanneer skietwerk gereed is om uitgevoer te word in 'n skag wat gesink word nie: Voorts met dien verstande dat die Direkteur toestemming kan verleen om die tydsduur van tien sekondes te verkort of te verontag-

it, but he shall await a fresh signal; provided that in the case of the clear signal 2 pause 2 the engine driver may at his discretion move his engine at any time during his shift, but if a period of more than five minutes has elapsed since receiving such clear signal, he shall ring the bell and then move the conveyance away very slowly.

(3) The driver of a winding engine —

- (a) shall not run such engine at a greater speed than that fixed by the Director;
- (b) shall, except in the case of emergency, avoid shocks in starting, running and in stopping the said engine;
- (c) shall apply every possible device or means at his disposal in order to prevent the conveyance over-running the signalled destination.

*Unclutching drums.*

(4) The driver of a winding engine shall not unclutch a drum of his engine until he has assured himself immediately beforehand by testing the brake of the drum against the full power of the engine, that the brake is in proper condition to hold the load suspended from the said drum.

(5) When the drum is unclutched the brake shall only be used for the purpose of maintaining such drum stationary. Any person who lowers from an unclutched drum shall be guilty of an offence.

(6) When a winding engine is fitted with a friction clutch the engine driver shall when clutching in, test the holding power of the clutch before releasing the brake of the corresponding drum, the brake of the other drum being kept off. In the case of a steam or air hoist the test shall be made against the full power of the engine and in the case of an electric hoist against the normal starting current.

*Stop at crosshead.*

(7) In a vertical shaft in the course of sinking, except at time of blasting, the bucket or kibble when being raised from the bottom shall be stopped by the engine driver when the crosshead guide has been picked up, and shall not be further raised until a period of at least ten seconds has elapsed.

*Stopping before bottom in sinking.*

(8) Where a winding engine is used at a shaft in the course of sinking, the cage, skip, bucket or other means of conveyance shall not be lowered directly to the bottom of the said shaft if there are men present, but shall be stopped at least fifteen feet from the said bottom until the signal to further lower it has been given by one of the shaft sinkers thereat provided always that this sub-regulation shall not apply to shafts in which the shaft sinkers are not more than fifty feet from the shaft top.

(9) An engine driver shall not act in response to any signal on the "call-bell" system other than the one long ring indicating accident in shaft.

*Ten seconds pause.*

(10) An engine driver, after receiving a signal to raise or to lower persons, shall not start his engine until the expiry of at least ten seconds after receiving such signal: Provided always that the requirements of this regulation shall not apply when blasting is about to take place in a shaft in the course of sinking: Provided further that the Director may grant permission to shorten or omit the period of ten seconds. Written notice of such permission shall be posted up on the notice board in the

saam. Skriftelike kennisgewing van sodanige toestemming moet op die kennisgewingsbord in die masjienkamer en op die bank opgeplak word. Die masjinië moet egter altyd die tydsduur van tien sekondes in ag neem wanneer die persoon wat sein op die punt staan om te ry.

(11) Die masjinië moet in die masjinië se logboek, wat ingevolge regulasie 81 gehou moet word, die inskrywings doen wat daardie regulasie voorskryf.

*Aanstelling van lokomotiefmasjinië.*

42. (1) Niemand mag beheer uitoefen, of verplig of toegelaat word om beheer uit te oefen, oor 'n lokomotief wat by of in 'n myn gebruik word terwyl dit vir die vervoer van persone, buiten dié wat nodig is vir die bestuur van die lokomotief of trein, gebruik word nie, tensy hy 'n skriftelike permit het, wat die Direkteur aan hom uitgereik het en wat hom magtig om so 'n lokomotief te bestuur.

(2) Die bestuurder mag geen permit aan iemand uitreik, wat magtiging verleen om 'n lokomotief vir die vervoer van mense te bestuur, tensy so iemand —

- (a) minstens een-en-twintig jaar oud is;
- (b) uit gewoonte matig en van goeie gedrag is;
- (c) minstens ses maande ondervinding gehad het op die voetplaat van 'n lopende lokomotief, in die geval van 'n stoomlokomotief, en drie maande soortgelyke ondervinding op 'n ander soort lokomotief, en toereikende kennis dra van die werking van lokomotiewe en van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale 1968 en die regulasies daarop opgestel.
- (d) aan geen gebrek van gesig en gehoor ly nie, nòg aan 'n ander gebrek, hetsy geestelik of liggaamlik, wat die bekwame uitvoering van sy pligte kan belemmer nie.

*Aanstelling van masjinië vir vaste masjië.*

43. (1) 'n Mynbestuurder kan 'n skriftelike permit uitreik wat 'n bevoegde persoon magtig om by sy myn 'n vaste masjinië, buiten 'n hysmasjinië wat vir mensevervoer gebruik word, te dryf.

(2) So 'n permit word net uitgereik aan iemand wat —

- (a) minstens negentien jaar oud is;
- (b) uit gewoonte matig en van goeie gedrag is;
- (c) minstens 'n jaar lank toesig gehou het oor die werking van een of meer masjiëenhede, soos byvoorbeeld stoommasjië, stoomturbines, stoom- of elektriese turbo- of suier-kompressors, van altesame minstens eenhonderd perdekrags; of minstens een jaar lank voltyds daarmee gewerk het;
- (d) 'n stoomketel-oppasserspermit hou of minstens een jaar ondervinding as voltydse opsigter of bediener van stoomketels het;
- (e) oor toereikende praktiese kennis beskik van die werking van kompressors, stoommasjië, turbines, stoomketels en elektriese motore en oor toereikende kennis beskik van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale 1968 en die regulasies daarop opgestel.
- (f) aan geen gebrek van gesig en gehoor ly nie, nòg aan 'n ander gebrek, hetsy geestelik of liggaamlik, wat die bekwame uitvoering van sy pligte kan belemmer nie.

engine room and on the bank. The engine driver shall, however, always observe the period of ten seconds when the person giving signals is about to travel.

(11) An engine driver shall record in the drivers' log book kept in terms of regulation 81 the entries he is required to make in terms of that regulation.

*Appointment of locomotive engine driver.*

42. (1) No person shall take or be caused or permitted to take charge of a locomotive used on or in a mine or works, whilst used for the conveyance of persons other than those required for the working of the locomotive or train, unless he is the holder of a permit in writing issued to him by the Director authorising him to operate such locomotive.

(2) The manager shall not issue a permit to a person authorising him to operate a locomotive for the conveyance of persons unless such person:—

- (a) is at least twenty-one years old;
- (b) is of sober habits and of general good conduct;
- (c) has had at least six months experience on the footplate of a running locomotive in the case of a steam locomotive and three months of equivalent experience in the case of any other locomotive, and possesses a competent knowledge of the operation of locomotives and of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968, and of the regulations framed thereunder;
- (d) is not defective as to sight and hearing and is not subject to any other infirmity, mental or physical, likely to interfere with the efficient discharge of his duties.

*Appointment of stationary engine driver.*

43. (1) A manager of a mine may issue a permit in writing authorising a competent person to drive on such mine any stationary engine, other than a winding engine used for the conveyance of persons.

(2) Such permit shall not be issued to any person unless such person:—

- (a) is at least nineteen years old;
- (b) is of sober habits and of general good conduct;
- (c) has been in charge of, or employed on a full time the working of one or more units of machinery, basis for not less than a year in connection with such as steam engines, steam turbines, steam or electrically driven turbo or reciprocating compressors, totalling not less than one hundred horsepower;
- (d) is the holder of a boiler attendant's permit or has had not less than one year of experience, on a full time basis, in charge of, or in the working of, steam boilers;
- (b) a relief or safety valve which is locked and not less than half an inch in internal diameter, capable of automatically preventing any undue accumulation of pressure above the safe working pressure of the vessel, and attached to or attached as near as practicable to the pressure vessel, and no intervening stopcock or valve shall be placed between such relief or safety valve and the pressure vessel, and
- (c) a suitable drain cock or valve at the lowest part.

(4) Where a pressure vessel is worked by steam or air and the supply is at a pressure higher than the safe working gauge pressure of such vessel, an adequate reducing valve and a safety valve shall be inserted between the source of supply and the pressure vessel.

(5) (a) Notwithstanding the provisions of this regulation the Director may, upon written application by the user and in respect of pressure vessels used in specialised processes where the application of the provisions of this regulation is in the opinion of the Director not practicable, exempt by writing under his hand either generally or on such conditions as he may specify the user from the requirements of any or all the provisions of this regulations.

(b) Any exemption granted in terms of paragraph (a) may at any time be withdrawn or amended at the discretion of the Director.

- (c) alle gedeeltes van die lem moet ingesluit of andersins deeglik beskerm wees, behalwe die gedeelte van die lem tussen die bank en die boonste geleiding.

*Skaafmasjiene (houtbewerking).*

182. (1) Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat 'n skaafmasjien wat nie meganies gevoer word nie, vir vlak-skaaf gebruik word nie, tensy dit met 'n silindervormige beitelblok ingerig is.

(2) Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat 'n skaafmasjien wat nie meganies gevoer word nie, gebruik word om 'n stuk hout van minder as twaalf duim lank vlak te skaaf nie, tensy daar vir sodanige stuk hout 'n veilige houër gebruik word: Met dien verstande egter dat dit nie geld vir die skaaf van kante van plat stukke hout nie.

(3) Die gebruiker moet elke skaafmasjien wat vir vlakskaaf gebruik word met 'n „brug“-skerm inrig wat die hele lengte en breedte van die beitelgleuf in die skaafbank kan oordek en wat so gemaak is dat dit maklik in 'n vertikale en horisontale rigting verstel kan word.

(4) Die gebruiker moet elke skaafmasjien wat vir dikteskaafwerk gebruik word, buiten die saamgestelde masjien vir vlakskaaf- en dikteskaafwerk met 'n doeltreffende skerm vir die voerroller inrig.

*Vormmasjiene (houtbewerking).*

183. Die gebruiker moet sorg dat —

- (a) die beitel van elke vormmasjien met vertikale spil, waar doenlik, ingerig moet word met 'n doeltreffende skerm na gelang van die soort werk wat verrig word;
- (b) waar werk nie met 'n doeltreffende beitelskerm verrig kan word nie, die hout wat in 'n vormmasjien met vertikale spil gevorm moet word, waar doenlik, vasgehou word met 'n klemhout of houër wat so gemaak is dat dit die gevaar wat die werker loop om 'n ongeluk te kry, sover moontlik vermindert;
- (c) 'n geskikte „pen“ of stootstok vir gebruik by die bank van elke vormmasjien met vertikale spil byderhand gehou word.

*Tapgatmasjiene.*

184. Die gebruiker moet die ketting van elke ketting-tapgatmasjien van 'n skerm voorsien wat die beitels sover moontlik omhul.

*Algemene beskerming teen masjinerie.*

185. (1) Die gebruiker moet sorg dat alle ontblote masjinerie wat nie spesifiek in hierdie regulasies genoem word nie, en wat, wanneer dit in beweging is, gevaarlik vir persons kan wees, deeglik afgeskort is, en dat doeltreffende skerms aangebring word aan daardie dele van die masjinerie wat moontlik gevaar vir persone inhou.

(2) Niemand mag, tensy sy werk dit vereis, binne veiligheidskerms of veiligheidsomheinings kom, of deur die gebruiker toegelaat word om daarbinne te kom nie.

*Drukhouers.*

186. Geen drukhouer mag gebruik word nie, tensy dit —

- (a) goed ontwerp is, uit geskikte materiaal gebou is, en deeglik afgewerk is;
- (b) gebou is volgens die ontwerp van 'n goedgekeurde praktykkode onder die toesig van 'n goedgekeurde gesag en sodanige gesag se sertifikaat en stempel te dien effekte op die romp aangebring is;
- (c) 'n vervaardigersplaatjie het wat stewig aan die romp vasgemaak is met die onderstaande besonderhede:

- (c) all portions of the blade shall be enclosed, or otherwise securely guarded, except the portion of the blade between the bench table and the top guide.

*Planing machines (woodworking).*

182. (1) No user shall require or permit any planing machine which is not mechanically fed, to be used for overhand planing unless it is fitted with a cylindrical butterblock.

(2) No user shall require or permit any planing machine which is not mechanically fed to be used for planing overhand any piece of wood less than twelve inches in length, unless a safe holder is used for such piece or wood: Provided that this shall not apply to the operation of planing edges of flat pieces of wood.

(3) The user shall provide every planing machine used for overhand planing with a "bridge" guard capable of covering the full length and breadth of the cutting slot in the bench, and so constructed as to be easily adjusted in a vertical and horizontal direction.

(4) The user shall provide an efficient guard for the feed roller of every planing machine used for thicknessing, except the combined machine for overhand planing and thicknessing.

*Moulding machines (woodworking).*

183. The user shall cause —

- (a) the cutter of very vertical spindle moulding machine to be provided, when practicable, with an efficient guard, having regard to the nature of the work which is being performed;
- (b) for such work as cannot be performed with an efficient guard for the cutter, the wood, being moulded at a vertical spindle moulding machine, if practicable, to be held in a jig or holder of such construction as to reduce as far as possible the risk of accident to the worker;
- (c) a suitable "spike" or push stick to be kept available for use at the bench of every spindle moulding machine.

*Mortising machine.*

184. The user shall provide the chain of every chain mortising machine with a guard which shall enclose the cutters as far as practicable.

*General machinery protection.*

185. (1) The user shall cause all exposed machinery not specially referred to in these regulations which, when in motion, may be dangerous to persons, to be securely fenced off, and efficient guards to be provided to such parts of any machinery as may be a source of danger to persons.

(2) No person, unless his duty necessitates it, shall trespass, or be permitted by a user to trespass, within any safety guards or fences.

*Pressure vessels.*

186. No pressure vessel shall be used unless:

- (a) it is of sound design and constructed by good workmanship from suitable materials;
- (b) it has been constructed to the design of an approved code of practice, under the supervision of an approved authority and it is certified and stamped on the shell by such authority to this effect;
- (c) it has a manufacturer's plate securely fixed to the shell with the following particulars:

*Kompressors.*

188. (1) Die gebruiker moet sorg dat die lug wat vir kompressors bedoel is, uit die suiwerste en koelste beskikbare bron getrek word.

(2) By kompressors wat ontwerp is om meer as 240 kubieke voet lug per minuut saam te pers, moet die gebruiker sorg dat geskikte smeltproppe, sowel as termometers of hittemeters met tekens wat maklik leesbaar is, naby die uitlaatkleppe van die afvoerpype van alle lugsilinders en aan die uitlaatlugpype van tussenverkoelers van kompressors aangebring word: Met dien verstande dat 'n kompressor van die veelvoudige silindersoort (d.w.s. twee of meer silinders wat verbind is deur inlaat- en uitlaatverdeelpype) toegerus kan word met een smeltprop en een termometer of hittemeter. Die hoogste toelaatbare temperatuur moet met 'n rooi merk op die wyserplaat aangedui word, en die persoon wat toesig hou oor die kompressor, moet sorg dat hierdie temperatuur nie oorskry word nie. Hy moet ook minstens een keer per dag, wanneer die kompressor gebruik word, 'n aantekening maak van die termometer- of hittemeterstand.

(3) Die ontdekking van 'n swak plek of defek in 'n kompressor wat moontlik gevaar vir persone inhou, moet onverwyld by die gebruiker aangemeld word, en die gebruiker moet onmiddellik stappe doen om hierdie swak plek of defek te herstel en om gevaar aan persone te voorkom.

*Die opwekking, omsetting, verspreiding en gebruik van elektriese krag. Omheining of beskutting.*

189. Die gebruiker moet sorg dat alle persele waarop daar inrigtings vir die opwekking van elektrisiteit, omsettings-, skakel- of koppelapparaat is, behoorlik omhein of afgekamp is, en kennisgewings in albei amptelike tale wat toegang aan ongemagtigdes verbied, moet by alle aangewese ingange van sodanige persele vertoon word. Waar sodanige persele nie opgepas word nie, moet alle aangewese ingange toegehou word en deeglik gesluit wees.

*Veilige keuse en oprigting.*

190. Die gebruiker moet sorg dat —

- (a) alle elektriese apparaat en geleiers op so 'n wyse gekies, ingedeel, ingerig, beskerm, bewerk en in stand gehou word dat gevaar vir persone sover moontlik uitgeskakel is; en
- (b) alle elektriese masjinerie en geleiers op so 'n wyse geplaas en beskerm word dat niemand wat toevallig met 'n gedeelte daarvan in aanraking kom, beseer kan word nie.

*Kennisgewings.*

191. Die gebruiker moet sorg dat onderstaande kennisgewings in albei amptelike tale op geskikte plekke in elektriese opwekstasies en sub-stasies vertoon word —

- (a) 'n kennisgewing waarin ongemagtigdes verbied word om elektriese apparaat te hanteer of hul daarmee te bemoei;
- (b) 'n kennisgewing met opdragte oor die prosedure wat by brand gevolg moet word;
- (c) 'n kennisgewing met opdragte oor die bybring van persone wat aan die gevolge van elektriese skok ly.

*Skakelbord.*

192. Die gebruiker moet sorg dat alle skakelborde aan die agterkant 'n oop ruimte van minstens vier voet het. Hierdie ruimte moet toe en gesluit gehou word, behalwe vir inspeksie, verandering of herstel, en mag geensins versper word nie: Met dien verstande dat hierdie regulasie nie geld vir —

*Air compressors.*

188. (1) The user shall cause the supply of air for air compressors to be drawn from the purest and coolest source available.

(2) In the case of air compressors designed to compress more than 240 cubic feet of air per minute, the user shall cause suitable fusible plugs, as well as thermometers or pyrometers, the indications of which can be clearly read, to be fitted close to the outlet valves on the discharge pipes from all air cylinders, and on the outlet air pipes of intercoolers of air compressors: Provided that a compressor of the multiple cylinder type, that is, two or more cylinders connected by inlet and outlet manifolds, may be fitted with one fusible plug and one thermometer or pyrometer. The highest temperature allowed shall be indicated by a red mark on the scale, and the person in charge of the compressor shall see that this temperature is not exceeded. He shall also record the thermometer or pyrometer readings at least once on each day during which the compressor is in use.

(3) The discovery of any weakness or defect in a compressor which is likely to cause danger to any person shall be reported forthwith to the user, and immediate steps shall be taken by the user to remove such weakness or defect, and to prevent danger to persons.

*Generation, transformation, distribution and use of electrical energy. Fencing or enclosure.*

189. The user shall cause all premises on which is situated electricity generating plant, transforming, switching or linking apparatus to be fenced or enclosed adequately and notices in both official languages prohibiting unauthorised persons from entering, shall be displayed at all designated entrances to such premises, and where such premises are unattended, all designated entrances shall be kept closed and locked securely.

*Safe selection and erection.*

190. The user shall cause:

- (a) all electrical apparatus and conductors to be so selected, arranged, installed, protected, worked and maintained so as to prevent danger to persons so far as is practicable;
- (b) all electrical machinery and conductors to be placed and protected in such a manner that no person can be injured by inadvertent contact with any portion thereof.

*Notices.*

191. The user shall cause the following notices in both official languages to be exhibited at suitable places within electric generating stations and sub-stations:

- (a) a notice prohibiting any unauthorised person from handling or interfering with electrical apparatus;
- (b) a notice containing directions as to procedure in case of fire;
- (c) a notice containing directions as to restoration of persons suffering from effects of electric shock.

*Switchboard.*

192. The user shall cause all switchboards to have at the back a clear space of at least four feet. This space shall be kept closed and locked except for the purpose of inspection, alteration or repair; and shall not be obstructed in any manner: Provided that this shall not apply in the case of:

- (a) skakelborde waarvan die agterkante slegs van agter toeganklik is deur 'n opening in die muur of afskorting waarteen dit staan, in welke geval sodanige openinge toe en gesluit gehou moet word;
- (b) skakelborde wat geen ongeïsoleerde geleiers het wat van agter toeganklik is nie;
- (c) skakelborde vir spanning wat nooit meer as laagspanning is nie;
- (d) skakelborde waarvan die skakeltoerusting van algehele ingeslote konstruksie is.

#### *Ondersoek en herstelwerk.*

193. Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat enige ondersoek, herstelwerk of veranderings waarby dit nodig is om gevaarlik naby elektriese apparaat te kom of om sodanige apparaat te hanteer, gedoen word terwyl sodanige apparaat gelaai is nie, tensy sodanige werk deur of onder gedurige persoonlike toesig van 'n bevoegde persoon verrig word.

#### *Veiligheidstoerusting.*

194. Die gebruiker moet geskikte rubbermatte, handskoene, veiligheids gordels en sodanige ander beskermings-toerusting wat moontlik nodig is om ongelukke te voorkom, kosteloos verskaf en in goeie toestand hou vir die gebruik van persone in diens, om ondersoek-, herstel- of verstelwerk te verrig waarby dit nodig is om gevaarlik naby gelaai geleidings of elektriese apparaat te kom of hulle te hanteer.

#### *Tydlike aardverbinding.*

195. Wanneer daar gewerk moet word aan elektriese apparaat wat van alle toevoerbronne afgesluit is, maar wat elektris gelaai kan word of kan wees, moet die gebruiker sorg dat daar toereikende voorsorgmaatreëls getref word om, as dit gevaarlik is, sodanige elektriese apparaat of enige aangrensende elektriese apparaat deur middel van aardverbinding of andersins elektris te ontlai, voordat dit gehanteer word, en om te voorkom dat 'n geleier of elektriese apparaat gelaai raak terwyl persone daaraan werk.

#### *Aardverbinding.*

196. (1) Die gebruiker moet sorg dat alle bereikbare metaaldele van elektriese inrigtings of apparaat wat, hoewel hulle onder normale omstandighede nie deel van die elektriese stroombaan uitmaak nie, per ongeluk gelaai kan raak, beskut is, of omhul is met isoleermateriaal of ander toereikende middel, of met die grond verbind is deur 'n geleier van 'n voldoende deursny area, buiten —

- (a) metaal in aard-vrye omstandighede buiten lengtes metaalbuis en die noupassende metaalomhulsels en kabelpantsering;
- (b) kort afsonderlike lengtes dikmetaalbuis gebruik vir die meganiese beskerming van kables in metaalomhulsels of kables deur taai rubber beskerm, waar sodanige kables nie in die sekondêre stroombane van gloeiglasbuis-inrigtings gebruik word nie;
- (c) kort, beskutte, afsonderlike lengtes metaalbuis gebruik vir die meganiese beskerming van geïsoleerde bedrading wat deur vloere, mure, afskortings of plafonne gaan;
- (d) metaalwerk van vaste elektriese uitrusting, waar sodanige metaalwerk meer as agt (8) voet bovloers is en nóg so geleë is op 'n plek wat klam word, nóg in 'n hysskag, nóg naby werkende masjinerie, nóg in aanraking is met 'n muur, plafon of ander steun wat van geleidingsmateriaal gemaak is of daarmee bedek is nie;

- (a) switchboard, the backs of which are accessible only at the back through an opening in the wall or partition against which they are placed, if such openings are kept closed and locked;
- (b) switchboard which have no uninsulated conductors accessible from the back;
- (c) switchboards for pressure not exceeding low pressure;
- (d) switchboards, the switch gear of which is of a totally enclosed construction.

#### *Examination and repairs.*

193. No user shall require or permit any examination repairs or alterations necessitating the dangerous approach to or the handling of electrical apparatus to be carried on while such apparatus is alive, unless such work be done by or under the constant personal supervision of a competent person.

#### *Safety Equipment.*

194. The user shall provide free of charge and maintain in good condition suitable rubber mats, gloves or gauntlets, safety-belts and such other protective equipment as may be necessary to prevent accidents for the use of persons engaged in examination, repairs or alterations necessitating the dangerous approach to or the handling of live mains or electrical apparatus.

#### *Temporary earthing.*

195. Whenever work is to be carried out on any electrical apparatus which has been disconnected from all sources of supply, but which is liable to acquire or to retain an electrical charge, the user shall cause adequate precautions to be taken by earthing or other means to discharge electrically such electrical apparatus or any adjacent electrical apparatus, if there be danger therefrom, before it is handled and to prevent any conductor or electrical apparatus from being charged whilst persons are working thereon.

#### *Earthing.*

196. (1) The user shall cause all accessible metallic portions of electrical plant or apparatus which, though normally not forming part of an electrical circuit may become alive accidentally, to be protected by an insulating covering or by other adequate means or to be connected to earth by a conductor of adequate cross sectional area, except:

- (a) metal in earth-free situations other than runs of metal conduit and the close-fitting metal sheetings and armourings of cables;
- (b) short isolated lengths of heavy-gauge metal conduit used for the mechanical protection of metal-sheathed or tough-rubber-protected cables, where such cables are not used in the secondary circuits of luminous discharge tube installations;
- (c) short, unexposed isolated lengths of metal conduit used for the mechanical protection of insulated wiring passing through floors, walls, partitions or ceilings;
- (d) metalwork of fixed electrical equipment, where such metalwork is more than eight feet above the floor and is neither situated in any position likely to become damp nor in a lift shaft, or near running machinery, nor in contact with a wall, or ceiling or other support, constructed of or covered with conducting material;

- (a) skakelborde waarvan die agterkante slegs van agter toeganklik is deur 'n opening in die muur of afskorting waarteen dit staan, in welke geval sodanige openinge toe en gesluit gehou moet word;
- (b) skakelborde wat geen ongeïsoleerde geleiers het wat van agter toeganklik is nie;
- (c) skakelborde vir spanning wat nooit meer as laagspanning is nie;
- (d) skakelborde waarvan die skakeltoerusting van algehele ingeslote konstruksie is.

#### *Ondersoek en herstelwerk.*

193. Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat enige ondersoek, herstelwerk of veranderings waarby dit nodig is om gevaarlik naby elektriese apparaat te kom of om sodanige apparaat te hanteer, gedoen word terwyl sodanige apparaat gelaai is nie, tensy sodanige werk deur of onder gedurige persoonlike toesig van 'n bevoegde persoon verrig word.

#### *Veiligheidstoerusting.*

194. Die gebruiker moet geskikte rubbermatte, handskoene, veiligheidsgordels en sodanige ander beskermings-toerusting wat moontlik nodig is om ongelukke te voorkom, kosteloos verskaf en in goeie toestand hou vir die gebruik van persone in diens, om ondersoek-, herstel- of verstelwerk te verrig waarby dit nodig is om gevaarlik naby gelaai geleidings of elektriese apparaat te kom of hulle te hanteer.

#### *Tydlike aardverbinding.*

195. Wanneer daar gewerk moet word aan elektriese apparaat wat van alle toevoerbronne afgesluit is, maar wat elektries gelaai kan word of kan wees, moet die gebruiker sorg dat daar toereikende voorsorgmaatreëls getref word om, as dit gevaarlik is, sodanige elektriese apparaat of enige aangrensende elektriese apparaat deur middel van aardverbinding of andersins elektries te ontlaai, voordat dit gehanteer word, en om te voorkom dat 'n geleier of elektriese apparaat gelaai raak terwyl persone daaraan werk.

#### *Aardverbinding.*

196. (1) Die gebruiker moet sorg dat alle bereikbare metaaldele van elektriese inrigtings of apparaat wat, hoewel hulle onder normale omstandighede nie deel van die elektriese stroombaan uitmaak nie, per ongeluk gelaai kan raak, beskut is, of omhul is met isoleermateriaal of ander toereikende middel, of met die grond verbind is deur 'n geleier van 'n voldoende deursny area, buiten —

- (a) metaal in aard-vrye omstandighede buiten lengtes metaalbuis en die noupassende metaalomhulsels en kabelpantsering;
- (b) kort afsonderlike lengtes dikmetaalbuis gebruik vir die meganiese beskerming van kables in metaalomhulsels of kables deur taai rubber beskerm, waar sodanige kables nie in die sekondêre stroombane van gloeiglasbuis-inrigtings gebruik word nie;
- (c) kort, beskutte, afsonderlike lengtes metaalbuis gebruik vir die meganiese beskerming van geïsoleerde bedrading wat deur vloere, mure, afskortings of plafonne gaan;
- (d) metaalwerk van vaste elektriese uitrusting, waar sodanige metaalwerk meer as agt (8) voet bo vloers is en nóg so geleë is op 'n plek wat klam word, nóg in 'n hysskag, nóg naby werkende masjinerie, nóg in aanraking is met 'n muur, plafon of ander steun wat van geleidingsmateriaal gemaak is of daarmee bedek is nie;

- (a) switchboard, the backs of which are accessible only at the back through an opening in the wall or partition against which they are placed, if such openings are kept closed and locked;
- (b) switchboard which have no uninsulated conductors accessible from the back;
- (c) switchboards for pressure not exceeding low pressure;
- (d) switchboards, the switch gear of which is of a totally enclosed construction.

#### *Examination and repairs.*

193. No user shall require or permit any examination repairs or alterations necessitating the dangerous approach to or the handling of electrical apparatus to be carried on while such apparatus is alive, unless such work be done by or under the constant personal supervision of a competent person.

#### *Safety Equipment.*

194. The user shall provide free of charge and maintain in good condition suitable rubber mats, gloves or gauntlets, safety-belts and such other protective equipment as may be necessary to prevent accidents for the use of persons engaged in examination, repairs or alterations necessitating the dangerous approach to or the handling of live mains or electrical apparatus.

#### *Temporary earthing.*

195. Whenever work is to be carried out on any electrical apparatus which has been disconnected from all sources of supply, but which is liable to acquire or to retain an electrical charge, the user shall cause adequate precautions to be taken by earthing or other means to discharge electrically such electrical apparatus or any adjacent electrical apparatus, if there be danger therefrom, before it is handled and to prevent any conductor or electrical apparatus from being charged whilst persons are working thereon.

#### *Earthing.*

196. (1) The user shall cause all accessible metallic portions of electrical plant or apparatus which, though normally not forming part of an electrical circuit may become alive accidentally, to be protected by an insulating covering or by other adequate means or to be connected to earth by a conductor of adequate cross sectional area, except:

- (a) metal in earth-free situations other than runs of metal conduit and the close-fitting metal sheetings and armourings of cables;
- (b) short isolated lengths of heavy-gauge metal conduit used for the mechanical protection of metal-sheathed or tough-rubber-protected cables, where such cables are not used in the secondary circuits of luminous discharge tube installations;
- (c) short, unexposed isolated lengths of metal conduit used for the mechanical protection of insulated wiring passing through floors, walls, partitions or ceilings;
- (d) metalwork of fixed electrical equipment, where such metalwork is more than eight feet above the floor and is neither situated in any position likely to become damp nor in a lift shaft, or near running machinery, nor in contact with a wall, or ceiling or other support, constructed of or covered with conducting material;

- (e) metaaldele van elektriese apparaat, waar sodanige dele op so 'n wyse ingesluit of omhul is deur isoleermateriaal sodat sodanige metaaldele nie aangeraak kan word nie;
- (f) klampe, knypers, saaltjies, kloue of ander apparaat om buise en kables vas te heg;
- (g) lamphulse;
- (h) kappe, weerkaatsers en skerms gesteun op houers of beligtingsonderdele;
- (i) metaaldele op, of skroewe in of deur, nie-geleidende materiaal en deur sodanige materiaal afgesonder van stroomdraende dele en van gearde nie-stroomdraende dele, op so 'n wyse dat hulle in normale gebruik nie gelaai kan raak nie of in aanraking met dele kan kom wat geard is nie.

(2) Voordat 'n gebou met elektriese stroom verbind of herverbind word, moet die verskaffer hom daarvan oortuig dat alle metaaldakke, geute en aflypype toereikend met die grond verbind is.

#### *Transformator- of skakelstasies.*

197. Geen gebruiker mag enigiemand anders buiten iemand wat bevoegd is of met die beheer belas is, verplig of toelaat om transformator- of skakelstasies te betree nie, tensy alle gelaaide geleiers wat daarin is, en wat nie toereikend teen toevallige aanraking geïsoleer is nie, voldoende beskut is: Met dien verstande dat so 'n bevoegde persoon deur enigiemand anders bygestaan kan word, wat dan onder sy onmiddellike persoonlike toesig moet werk.

#### *Beskutting van stutte om te verhoed dat persone daarteen opklim.*

198. Die gebruiker moet sorg dat alle stutte van die traliesoort wat vir bogrondse geleiers gebruik word, toereikend beskut is om te verhoed dat ongemagtigde persone teen sodanige stutte opklim en in gevaarlike nabyheid van die geleiers kom, en 'n inspekteur kan op soortgelyke wyse 'n gebruiker aansê om enige ander soort stut te beskerm.

#### *Boggrondse verbruiksleidings en verbruikers se geleiers.*

199. (1) Geen verskaffer mag vereis of toelaat dat bogrondse bedieningsgeleidings aan die lyngeleiers elders as by 'n stutpunt verbind word nie.

(2) Die verskaffer moet sorg dat —

- (a) elke deel van bogrondse bedieningsgeleidings wat van 'n gebou of van 'n leer wat teen 'n gebou leun, bereikbaar is;
- (b) bogrondse geleidings tussen geboue; en
- (c) dele van bogrondse geleidings wat by 'n gebou verbygaan en binne bereik van 'n gebou is, uit 'n soort geïsoleerde draad bestaan wat die inspekteur goedgekeur het.

(3) Waar verbinding met die verbruiker se geleiers gemaak word deur middel van bogrondse verbruiksleiding, moet die verbinding by 'n ingangspunt van die gebou gemaak word deur middel van 'n eindklemverbindingskas wat 'n inspekteur goedgekeur het, of op 'n ander wyse wat 'n inspekteur ook goedgekeur het.

(4) Die bepalinge van hierdie regulasie is met die nodige veranderinge van toepassing op die verbruiker se opeluggeleiers buiten dié wat gebruik word in verband met private huise.

#### *Planne moet by Direkteur van Pos- en Telegraafwese ingedien word.*

200. (1) Voordat daar met installing van 'n verspreidingsstelsel of uitbreiding van so 'n stelsel begin kan word, moet verskaffers hul voorstelle volledig en twee-

- (e) metal parts of electrical apparatus, where such parts are enclosed or shrouded by insulating material so that such metal parts cannot be touched;
- (f) cleats, clips, saddles, clamps or other devices for fixing conduits and cables;
- (g) lamp-caps;
- (h) shades, reflectors, and guards, supported on holders or lighting fittings;
- (i) metal parts on, or screws in or through, non-conducting material, and separated by such material from current-carrying parts and from earthed non-current-carrying parts in such a way that in normal usage they cannot become alive or come into contact with earthed parts.

(2) Before connecting or reconnecting a supply of electric current to any building the supplier shall satisfy himself that all metal roofs, gutters and down-pipes are adequately bonded to earth.

#### *Transformer or switch houses.*

197. No user shall require or permit any person other than a competent person or the person in control to enter transformer houses or switch houses unless all live conductors therein which are not insulated adequately against inadvertent contact, are screened off adequately: Provided that the competent person may be assisted by any other person acting under his immediate personal supervision.

#### *Protection of supports against climbing.*

198. The user shall cause all supports of the lattice type which are used to carry overhead conductors, to be protected adequately in order to prevent any unauthorised person from coming into dangerous proximity of the conductors by climbing such supports, and an inspector may require a user similarly to protect a support of any other type.

#### *Overhead service mains and consumers' conductors.*

199. (1) No supplier shall require or permit any overhead service mains to be connected to the line conductors elsewhere than at a point of support.

(2) The supplier shall cause:

- (a) every part of overhead service mains which is accessible from a building or from a ladder leading against a building;
- (b) overhead mains between buildings;
- (c) portions of overhead mains which pass a building and are within reach of the building;

to consist of insulated wire of a type which has been approved by the inspector.

(3) Where connection to the consumer's conductors is made by means of overhead service mains, such connection shall be made at the point of entry to the building by means of a terminal connector-box approved by an inspector or by other means similarly approved.

(4) The provisions of this regulation shall *mutatis mutandis* apply to a consumer's open air conductors other than those used in connection with private houses.

#### *Schemes to be submitted to the Director of Posts and Telegraphs.*

200. (1) Before the installation of any distribution scheme or extension to such a scheme may be commenced, supplier shall submit their complete proposals in duplicate

voudig aan die Direkteur van Pos- en Telegraafwese voorlê, sodat daar by onderlinge ooreenkoms besluit kan word oor die metodes of apparaat wat die verskaffers moet aanneem ten einde te voorkom dat daar vir bestaande en beoogde telefoon- en telegraafdrade toestande kan ontstaan wat vir die publiek en poskantoorpersoneel gevaarlik kan wees. In gevalle waar sodanige toestande sonder groot koste vir die een of die ander party vermy kan word deur wysiging van die voorgestelde planne van die verskaffer, of die Direkteur van Pos- en Telegraafwese, moet sodanige wysigings aangebring word: Met dien verstande dat „uitbreiding van 'n stelsel" nie bogrondse bedieningsgeleidings insluit nie.

(2) 'n Ooreenkoms tussen die twee partye moet aan die Direkteur ter goedkeuring voorgelê word, en as die partye nie tot 'n ooreenkoms kan raak nie, moet die Direkteur die saak beslis.

(3) Alle metodes en apparaat wat volgens ooreenkoms nodig is vir die beskerming van die publiek, moet deur en op rekening van die verskaffer voorsien word.

(4) In gevalle waar veranderings aan die ontwerp of oprigting van 'n bestaande kragdraad wat ooreenkomstig subregulasie (1) of (2) aangelê is, of bykomende apparaat daaraan, weens vertoë van die Direkteur van Pos- en Telegraafwese nodig word, moet die verskaffer sodanige veranderings aanbring op rekening van die liggaam op wie se vertoë die veranderings aangebring is.

#### *Hoogte van geleiers.*

201. (1) Buiten in die geval van elektriese trolliedrade en bogrondse bedieningsgeleidings, moet die minimale hoogte van die grond af van elektriese geleiers en ander drade die onderstaande wees —

(a) binne alle dorpsgebiede —

- (i) agtien voet, buiten waar daar anders bepaal word;
- (ii) twintig voet van die spore af by alle spoorwegaange;
- (iii) een-en-twintig voet by telegraafkruis punte, tensy die inspekteur anders gelas: Met dien verstande dat —

(aa) by kruisings van paaie waar belankrike telegraaflyne, soos byvoorbeeld hooflyne en aansluitingslyne, ook gekruis is, die verskaffer nie verplig kan word om vir 'n groter spanafstand as vyf-en-twintig voet van die grond af te sorg nie;

(bb) by kruising van paaie waar elektriese verskaffingslyne onbelangrike telegraaflyne wat van kaal drade gemaak is, kruis, die verskaffer 'n ruimte van minstens agtien duim tussen die elektriese dienslyne en die telegraaflyne moet ooplaat, maar dat hy nie verplig kan word om beskermingsapparaat aan te bring of om groter ruimte as twintig voet ses duim bokant die grond oop te laat nie: Met dien verstande dat alle dele van die kruising- en aangrensende spanafstande van die verskaffingslyne veiligheidsfaktore besit van vyftig persent bo dié wat in hierdie regulasies vir standaardbou voorgeskryf word;

(cc) by alle ander telegraafkruisings, soos inleidraadse telefoonlyne, die verskaffer nie verplig kan word om beskermingsapparaat te verskaf of om 'n groter ruimte as negentien voet ses duim van die grond oop te laat nie;

(b) buitekant dorpsgebiede —

to the Director of Posts and Telegraphs for the purpose of deciding by mutual agreement the methods or devices to be adopted by the suppliers to avoid the creation of conditions on existing and projected telephone and telegraph lines which may be dangerous to the public and post office staff. In cases where such conditions can be avoided without material cost to either party by amendment to the projected plans either of the supplier or of the Director of Posts and Telegraphs, such amendment shall be made, provided that an "extension to a scheme" shall not be interpreted to include overhead service mains.

(2) An agreement between the two parties shall be submitted to the Director for approval, and if agreement cannot be reached, the Director shall decide the matter.

(3) All methods and devices required for the protection of the public as agreed to, shall be provided by and at the expense of the supplier.

(4) In cases where changes in the design or construction of an existing power line, which has been erected in accordance with subregulation (1) or (2), or additional devices thereto, become necessary on account of representations made by the Director of Posts and Telegraphs, such alterations shall be carried out by the supplier at the expense of the body at whose representations the change has been brought about.

#### *Height of conductors.*

201. (1) The minimum height from the ground of electric conductors and other wires, except in the case of electric trolley wires and overhead service mains, shall be as follows:

(a) Within all townships:

- (i) eighteen feet, except where otherwise specified;
- (ii) twenty feet from the rails at all railway crossings;
- (iii) at telegraph crossings, twenty-one feet unless the inspector otherwise directs: Provided that:

(aa) at road crossings where important telegraph lines, such as trunk and junction lines, are also crossed, the supplier shall not be required to provide a greater clearance than twenty-five feet from the ground;

(bb) at road crossings where electrical supply lines cross over unimportant telegraph lines which are constructed of bare wires, the supplier shall give at least eighteen inches clearance between the electrical supply line and the telegraph line but shall not be required to provide protective devices or give a greater clearance above ground than twenty feet six inches: Provided that all parts of the crossing and adjacent spans of the supply line have factors of safety fifty per cent in excess of those laid down in these regulations for standard construction;

(cc) all other telegraph crossings, such as drop wire telephone service the supplier shall not be required to provide protective devices or give a greater clearance than nineteen feet six inches from the ground.

(b) Outside townships:



- (i) sestien voet, tensy waar anders bepaal word;
- (ii) twintig voet van die spore af by alle spoorweg- en tremoorgange;
- (iii) agtien voet by alle geproklameerde padkruisings.

(2) Op enige punt buitekant dorpsgebiede waar spoorweë of geproklameerde paaie of belangrike telegraaf- of kraglyne deur 'n kraglyn gekruis word —

- (a) moet die kruising so na moontlik reghoekig wees;
- (b) moet die spanafstand so kort moontlik wees en die naaste stut aan weerskante van die spoorweg, tremweg, pad, telegraaflyn of kraglyn moet op so 'n wyse geanker en vasgemaak wees, dat as daar verderweg iets breek, dié gedeelte van die geleiers oor die spoorweg, tremweg, pad, telegraaflyn of kraglyn nie slap sal hang nie;
  - (i) moet apparaat aangebring word om te verseker dat as 'n gelaalde geleier val, dit met die aarde verbind word; of
  - (ii) moet gesorg word vir duplikaat isoleerders wat duplikaatgeleiers ophou wat op punte hoogstens vyf voet van mekaar vasgemaak moet wees; of
  - (iii) moet sodanige ander middels verskaf word wat die inspekteur goedkeur.

(3) By die toepassing van hierdie regulasie beteken —  
 „belangrike telegraaflyne” telegraaf- of telefoon-aansluitingslyne of -hooflyne;  
 „onbelangrike telegraaflyne” alle ander telegraaf- of telefoonlyne.

*Veiligheidsfaktore.*

202. (1) By die ontwerp van alle bogrondse lyne, geld die onderstaande minimale veiligheidsfaktore vir elke stut en het betrekking op die breekklas van die struktuur:

Materiaal.	Veiligheidsfaktor.
Yster of staal . . . . .	2.5
Hout . . . . .	3.5
Gewapende beton . . . . .	3.5

Hierdie veiligheidsfaktore geld met die verstandhouding dat elke lyngeleidingskabel of -draad wat deur die stutte gedra word, 'n temperatuur van 32 grade F. het, en dat hulle saam met die stutte blootgestel is aan 'n winddruk reghoekig met die lyn wat gelyk staan aan vyf-en-twintig lb. per vierkante voet. In die geval van traliestrukture is die oppervlakte vir die berekening van die spanning anderhalfmaal die geprojekteerde oppervlakte van een kant; in geval van ronde pale, geleidings en grondgeleidingsdrade word die werklike oppervlakte geneem vir 0.6 van die geprojekteerde oppervlakte.

(2) Die veiligheidsfaktor van elke lyngeleier moet minstens twee (2) wees. Hierdie faktor moet gebaseer word op die breekklas van die geleier, en moet bereken word met die veronderstelling dat die lyngeleier 'n temperatuur van 32 grade F. het, en dat dit gelyktydig aan winddruk reghoekig met die lyn blootgestel is, wat gelyk is aan vyf-en-twintig pond per vierkante voet op 0.6 van die geprojekteerde oppervlakte van die geleier.

(3) Geen verskaffer mag toelaat dat 'n kraglyn nader as vyftig voet van 'n springstofmagasyn af is nie: Met dien verstande dat 'n inspekteur kan vereis dat hierdie afstand verleng moet word, waar die spanafstand tussen die stutte van die kraglyn groter as een-honderd voet is.

- (i) sixteen feet, except where otherwise specified;
- (ii) twenty feet from the rails at all railway and tramway crossings;
- (iii) eighteen feet at all proclaimed road crossings.

(2) At any point outside townships where railways or proclaimed roads or important telegraph lines or power lines are crossed by a power line:

- (a) the crossing shall be as nearly as possible at right angles;
- (b) the span shall be as short as possible and the support immediately on either side of the railway, tramway, road, telegraph line, or power line shall be stayed in such a manner and the conductor shall be fastened in such wise, that in case of breakage further away, the portion of the conductors over the railway, tramway, road, telegraph line or power line shall not sag;
  - (i) a device shall be provided to ensure that in the event of a live conductor falling it shall be earthed; or
  - (ii) there shall be provided duplicate insulators supporting duplicate conductors tied at intervals not exceeding five feet; or
  - (iii) such other means as may be approved by the inspector shall be provided.

(3) For the purpose of this regulation:

“important telegraph lines” shall mean telegraph or telephone junction or trunk lines;  
 “unimportant telegraph lines” shall mean all other telegraph or telephone lines.

*Factors of safety.*

202. (1) In the design of all overhead lines, the following minimum factors of safety shall apply to each support and shall refer to the breaking load of the structure:

Material.	Factor of safety.
Iron or steel . . . . .	2.5
Wood . . . . .	3.5
Reinforced concrete . . . . .	3.5

These factors of safety shall apply on the assumption that every line conductor cable or wire carried by the supports is at a temperature of 32 degrees F. and that, together with the supports, they are subjected to a wind pressure at right angles to the line equivalent to twenty-five pounds per square foot. In the case of lattice structures the area for calculating the stress shall be one and one-half times the projected area of one side; in the case of round poles, conductors and earth wires, the area shall be taken as 0.6 of the projected area.

(2) The factor of safety of every line conductor shall be at least 2 (two). This factor shall be based on the breaking load of the conductor and shall be calculated on the assumption that the line conductor is at a temperature of 32 degrees F., and that it is simultaneously subjected to a wind pressure at right angles to the line equivalent to twenty-five pounds per square foot on 0.6 of the projected area of the conductor.

(3) No supplier shall permit a power line to be less than fifty feet from any explosives magazine: Provided that an inspector may require such distance to be increased where the span between the supports of the power line is greater than one hundred feet.

*Stoomketels. Aansoek om sertifikaat.*

203. Elkeen wat 'n stoomketel wil gebruik, moet skriftelik by die Direkteur op die voorgeskrewe vorm daarom aansoek doen.

*Nuwe stoomketels.*

204. In die geval van nuwe stoomketels moet die aansoekvorm vergesel gaan van —

- (a) die vervaardiger se volledige spesifikasie met inbegrip van die standaard-ekwivalent normale verdampingsvermoë van die stoomketel in pond water per uur van en by 212° F. en die verhittingsoppervlakte daarvan in vierkante voet, soos ontwerp;
- (b) leesbare mate-tekenings wat alle stoomketel-besonderhede betreffende die plaatwerk, klinknaelwerk en/of sweiswerkbesonderhede, en die sterkte van materiaal wat gebruik is, aantoon.
- (c) die sertifikaat van die goedgekeurde gesag uitgereik ingevolge regulasie 205 (1).

*Stoomketelontwerp.*

205. (1) Geen stoomketel mag gebruik word nie, tensy dit gebou is volgens die ontwerp en ander voorwaardes van 'n goedgekeurde praktykkode onder die toesig van 'n goedgekeurde gesag, en 'n sertifikaat en stempel te dien effekte op die romp daarvan dra.

(2) Die Direkteur kan by ontvangs van 'n aansoek om 'n stoomketel te gebruik 'n voorwaardelike permit uitreik op voorwaardes en vir 'n termyn wat hy van tyd tot tyd bepaal.

(3) Die Direkteur kan as hy oortuig is dat 'n stoomketel veilig gebruik kan word en dat die bepalinge van hierdie regulasies nagekom is, 'n registrasiesertifikaat uitreik op voorwaardes wat hy bepaal, en hy kan so 'n sertifikaat wysig of intrek.

*Bepaling van druk.*

206. Die gemagtigde werkdruk van 'n stoomketel is dié wat 'n inspekteur vir so 'n stoomketel bepaal het, en geen gebruiker mag vereis of toelaat dat 'n stoomketel teen 'n hoër druk werk nie.

*Staanplek van stoomketels.*

207. (1) 'n Stoomketel moet so opgerig word dat daar rondom 'n oop ruimte van minstens drie voet weg van alle mure of ander hindernisse is om ondersoek te vergemaklik: Met dien verstande dat die ruimte verminder kan word met hoogstens ses duim ten opsigte van bekleding of ander omhulsel.

(2) Die bepalinge van subregulasie (1) geld nie in gevalle waar messelwerk 'n onafskeibare deel van die stoomketel uitmaak nie.

(3) Tussen die hoogste punt van enige toebehore bo-op 'n stoomketel en die plafon of die onderkant van die laagste deel van die dakwerk moet daar 'n afstand van minstens drie voet wees.

(4) Toegang tot die stoomketel moet onbelemmerd wees.

*Verwydering van vasstaande stoomketel.*

208. Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat 'n vasstaande stoomketel in 'n ander posisie gebruik word as dié waarin dit was toe die registrasiesertifikaat toegestaan is nie.

*Waterstand.*

209. Die laagste werk-waterstand vir vasstaande stoomketels moet minstens drie duim bokant die hoogste deel van die vlamgange wees wat om of deur die stoomketel gaan, en vir vervoerbare stoomketels en stoomketels

*Boilers. Application for certificate.*

203. Any person who wishes to use a boiler shall make application in writing to the Director in the form prescribed.

*New boiler.*

204. In the case of new boilers the application form shall be accompanied by —

- (a) the maker's complete specification, including the rated equivalent normal evaporative capacity of the boiler in pounds of water per hour from and at 212° F., and its designated heating surface in square feet;
- (b) legible dimension drawings, setting out the complete boiler, the plating, riveting and/or welding details, and the strength of the materials used;
- (c) the certificate of the approved authority issued in accordance with regulation 205 (1).

*Boiler design.*

205. (1) No boiler shall be used unless it has been constructed to the design and other conditions of an approved code of practice, under the supervision of an approved authority and it is certified and stamped on the shell by such authority to this effect.

(2) The Director may, on receipt of an application to use a boiler, issue a provisional permit subject to such conditions and for such period as he may from time to time determine.

(3) The Director may if he is satisfied that a boiler may be safely used and that the provisions of these regulations have been complied with, grant a certificate of registration subject to such conditions as he may specify and may amend or cancel such certificate.

*Ficing of pressure.*

206. The authorised working gauge pressure for a boiler shall be that determined for such boiler by an inspector and no user shall require or permit a boiler to be worked at a higher pressure.

*Position of boilers.*

207. (1) A boiler shall be so erected as to leave a clear space of not less than three feet free of all walls or other obstructions around it to facilitate examination: Provided that this space may be reduced by not more than six inches in respect of any lagging or other encasement.

(2) The provisions of subregulation (1) shall not apply to any boiler where masonry constitutes an integral part of the boiler.

(3) The highest point of any fitting on top of a boiler shall be at a distance of not less than three feet from the ceiling or the underside of the lowest portion of the roof structure.

(4) Access to the boiler shall be unobstructed.

*Removal of stationary boiler.*

208. No user shall require or permit a stationary boiler to be used in a position other than that in which it was situated when the certificate of registration was granted.

*Water level.*

209. The lowest working water level for stationary boilers shall be at least three inches above the highest part of the flues passing round or through the boiler, and for portable boilers and boilers of locomotives and loco-

